

6 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 28

Fokusgedeelte: Psalm 28:6

Die Here luister as ons smeek! Loof Hom daarvoor!

Elke mens wat al gesoebat en gesmeek het, en tog later moes agterkom dat al die woorde uit sy hart op dowe ore geval het, besef hoe heerlik dit is om te weet dat die Here ons smeking hoor. Daarvoor moet Hy geloof word! Immers: as Hy ons sou ignoreer, sal ons nie kan lewe nie, ons sou soos sterwendes wees.

Ons bid mos soms met die vrees in ons hart dat die heilige God dalk nie sal wil hoor waarvoor ons vra nie. Waarom smeek ons dan? Ons smeek nie omdat ons Hom wil probeer dwing om na ons te luister, soos 'n kindjie wat aanhou kerm en skreeu totdat die ouers verplig is om aandag te gee nie. Nee, ons smeek omdat ons nie verdien dat Hy aan ons gebede aandag sal gee nie. Ons self is dit nie werd nie! Daarom smeek ons altyd in die Naam van ons Here Jesus wat ons met God versoen het. Ons word om Jesus ontwil gehoor en verhoor. Daarom smeek ons ook nie soos verleë bedelaars nie, maar as sy kinders wat Hom liefhet en op Hom vertrou.

Ons ken God as ons sterkte en ons Beskermer. In 'n wêreld vol haat, geweld en onreg verhoor Hy ons as ons om beskerming smeek. Het jy ook al beleef dat Hy ons verhoor en ons troos en weer heel maak? Of vergeet jy soms hoe jy by Hom gepleit het en dat Hy jou smeking gehoor het? Vergeet jy soms dis Hy wat jou tussen kwaadwillige mense beskerm het en jou veilig laat tuis kom het, of jou oor jou seerkry getroos het? Die Psalmdigter vergeet dit nie, want hy het dit nie as vanselfsprekend aanvaar dat die Here sal hoor nie!

As ons onthou hoe ons gesmeek het, en as ons onthou dat Hy verhoor het, sal ons nie vergeet om Hom te dank en te loof nie!

Sing: Psalm 28:6, 8 (Totius)

Dr. GNV Botha (Emeritus)